SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

AANSOEK OM LIDMAATSKAP BY SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK (SSK)

Ons waardeer u belangstelling om lidmaatskap in SSK te bekom en verskaf hiermee die nodige inligting in dié verband.
'n Bedrag van R4,000.00 is vooraf betaalbaar as aankoopprys vir 4,000 aandele in SSK. Indien lidmaatskap nie goedgekeur word deur die Raad van Direkteure nie, sal hierdie bedrag terugbetaal word.
Die onderstaande dokumente moet asseblief saam met die entiteits-inligtingsdokument ingedien word:

□ Mees onlangse getekende finansiële state, wat nie ouer as 12 maande is nie.
□ BTW sertifikaat.
□ Resolusie waarin die aansoek om lidmaatskap en aansoek om krediet by SSK gemagtig word. (Voorbeeld aangeheg.)
□ Kort motivering waarom lidmaatskap versoek word.
□ Geldige SEB sertifikaat, indien van toepassing.
□ Bewys van fisiese adres bv. Eskom- of Munisipale rekening. Alternatiewelik kan die boekhouer SSK voorsien van 'n skrywe waarin hul die adres bevestig.
□ Bewys van bankbesonderhede: gekanselleerde tjek of gestempelde bankbrief of gestempelde bankstaat.

Afskrifte van die volgende word ook verlang, afhangende van die aansoeker se regsstatus:

Individu:
- Identiteitsdokument.
- Huweliksvoorwaarde kontrak / HVK. *(Indien getroud binne gemeenskap van goedere, voorsien asb. eggenoot se identiteitsdokument. Die eggenoot sal ook die aansoek moet onderteken.)*

Vennootskap:
- Vennote se identiteitsdokumente, asook bewys van fisiese adresse
- Huweliksvoorwaarde kontrakte / HVK's van vennote. *(Indien 'n vennoot binne gemeenskap van goedere getroud is, voorsien asb. die eggenoot se identiteitsdokument. Die eggenoot sal ook die aansoek moet onderteken.)*
- Geskrewe vennootskapsooreenkoms, indien enige.

BK:
- Lede se identiteitsdokumente, asook bewys van fisiese adresse
- CK1 (Stigtingsverklaring)
- CK2 (Name en adresse van huidige lede)
- Huweliksvoorwaarde kontrakte / HVK's van lede. *(Indien 'n lid binne gemeenskap van goedere getroud is, voorsien asb. die eggenoot se identiteitsdokument. Die eggenoot sal ook die aansoek moet onderteken.)*

Maatskappy:
- Direkteure se identiteitsdokumente, asook bewys van fisiese adresse
- COR14.3 (Registrasie Sertifikaat van Maatskappy)
- CM29 (Name en adresse van huidige direkteure)
- Huweliksvoorwaarde kontrakte / HVK's van lede. *(Indien 'n direkteur binne gemeenskap van goedere getroud is, voorsien asb. die eggenoot se identiteitsdokument. Die eggenoot sal ook die aansoek moet onderteken.)*

Trust:
- Trustees se identiteitsdokumente, asook bewys van fisiese adresse
- Trust akte.
- Trust se magtigingsbrief. (Name en adresse van huidige trustees)
- Huweliksvoorwaarde kontrakte / HVK's van trustees. *(Indien 'n trustee binne gemeenskap van goedere getroud is, voorsien asb. die eggenoot se identiteitsdokument. Die eggenoot sal ook die aansoek moet onderteken.)*

SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

ENTITEITS-INLIGTINGSDOKUMENT VIR AANSOEK OM LIDMAATSKAP / KREDIET
(Voltooi asb. volledig en merk met X waar nodig.)

Ek, _____(volle name en van van die aansoeker / verteenwoordiger), doen hierby aansoek om lidmaatskap in Sentraal-Suid Koöperasie Bpk (SSK). Indien my aansoek deur die Raad van Direkteure goedgekeur word, onderneem ek om 4,000 aandele op te neem teen die koste van R1.00 per aandeel. Ek onderneem om die aantal aandele ten bedrae van R4,000.00 te betaal met die indien van hierdie aansoek.

Die aansoeker se naam is:_____

☐ **Individu** ☐ **Vennootskap** ☐ **BK** ☐ **Maatskappy** ☐ **Trust**

Woonadres:_____ **Posadres:**_____

Dorp:_____ **Dorp:**_____

Poskode:_____ **Poskode:**_____

Telefoonnommer:_____ **Selfoonnommer:**_____

E-pos adres:_____ **ID / Registrasie nr:**_____

Boerderyvertakkings:_____

Boer: ☐ **Voltyds** ☐ **Deeltyds** **Grond:** ☐ **Eienaar** ☐ **Huurder**

Distrik: ☐ **Swellendam** ☐ **Heidelberg** ☐ **Mosselbaai** ☐ **Ander:**_____

Entiteit waaronder die grond geregistreer is:_____

Plaas naam / name:_____

Grootte van boerdery (ha):_____ **Boerdery ondervinding (jare):**_____

BTW nommer:_____ **Geregistreer vir Nulkoers:** ☐ **Ja** ☐ **Nee**
(Voorsien afskrif van sertifikaat as bewys)

Inkomste Belasting Nommer:_____ **Belastingjaar:** ☐ **Feb.** ☐ **Jun.** ☐ **Ander:**_____

Limiet / fasiliteit verlang: R_____ **Basis van aankope:** ☐ **Maandeliks** ☐ **Jaarliks**

Hoe verkies u om die maandstaat te ontvang? ☐ **Posstuk** ☐ **E-pos** ☐ **Afhaal by die naaste administrasie tak**
(Meer as een opsie mag gekies word, indien verlang)

Verlang u om die maandstaat in Pastel-formaat ook te ontvang? ☐ **Ja** ☐ **Nee**

Verlang u om die fakture daagliks per e-pos te ontvang? ☐ **Ja** ☐ **Nee**

E-pos adres vir die stuur van die state:_____
(Meer as een adres mag voorsien word)

SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

E-pos adres vir toegang tot webblad:_____
(Meer as een adres mag voorsien word.)

Maak u gebruik van bestelnommers? ☐ **Ja** ☐ **Nee**

Is u vir Agri Bonus geregistreer? ☐ **Ja** ☐ **Nee** **Agri Bonus Nommer:**_____

Het u geldige gesertifiseerde SEB status? ☐ **Ja** ☐ **Nee**
(Voorsien afskrif van sertifikaat as bewys.)

SEB vlak behaal:

☐ **Vlak 1** ☐ **Vlak 2** ☐ **Vlak 3** ☐ **Vlak 4** ☐ **Vlak 5** ☐ **Vlak 6** ☐ **Vlak 7** ☐ **Vlak 8**

☐ **Nie-voldoening**

Swart aandeelhouding (%): _____ **Swart vroue aandeelhouding (%):**_____

Dui asb. die onderneming se mees onlangse jaarlikse omset aan: R_____
Vrygestelde mikro-ondernemings – omset onder R10 miljoen.
Kwalifiserende klein ondernemings – omset tussen R10 miljoen en R50 miljoen.
Groot ondernemings – omset bo R50 miljoen.
Verbeterde erkenning vir mikro-ondernemings met minder as 51% swart aandeelhouers: Kwalifiseer as Vlak 4 bydraer.
Verbeterde erkenning vir mikro ondernemings en klein ondernemings met meer as 51% swart aandeelhouers:

- *Tussen 51% en 99% swart aandeelhouding kwalifiseer almal as Vlak 2 bydraers.*
- *100% swart aandeelhouding, kwalifiseer as Vlak 1 bydraers.*

Ek, die ondergetekende (in my persoonlike hoedanigheid en / of in my hoedanigheid as behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger van die aansoeker (hierna "dieaansoeker"), verklaar dat die inligting hierin verstrek volledig en korrek is, en dat geen inligting wat hierdie lidmaatskap aansoek kan beïnvloed, weggelaat is nie. Die aansoeker verklaar en **gee hiermee onbeperkte toestemming** aan SSK om ter enige tyd enige persoonlike inligting [soos omskryf in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Nr.4 van 2013 ("BPI Wet")] insluitend finansiële gegewens en data wat deel vorm van hierdie aansoek, te kontroleer en/of verifieër by ander instansies (soos byvoorbeeld kredietaansoeke by enige kredietburo, krediet- en finansiële inligting en geskiedenis verifieër by enige handelsbank, Landbank, ander landboukoöperasies en/of kredietverskaffers, CIPC of Aktekantoor nasoeke) vir doeleindes van die oorweging en verwerking van hierdie aansoek. Deur die ondertekening van hierdie aansoekvorm:

i) verklaar die aansoeker dat hy / sy vrylik toegestem het dat die aansoeker se data en persoonlike inligting (soos omskryf in die BPI Wet) deur SSK ingesamel en geprosesseer en her-prosesseer mag word (soos voorsien in die BPI Wet);

ii) erken en bevestig die aansoeker dat SSK onder meer die aansoeker se persoonlike inligting benodig en sal prosesseer en her-prosesseer vir doeleindes van : (a) die nakoming van statutêre bepalings (insluitend maar nie beperk tot die bepalings van die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005 en die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, Nr. 38 van 2001); (b) risiko assessering; en (c) die verskaffing van krediet en / of ander dienste aan die aansoeker kragtens die bepalings van enige bestaande of toekomstige kredietfasiliteitsooreenkoms en / of enige ander ooreenkoms tussen SSK en die aansoeker; en

iii) stem die aansoeker toe dat SSK sy / haar persoonlike inligting / data mag verskaf aan SSK se diensverskaffers of agente of enige persone / entiteite aan wie enige van SSK se regte kragtens hierdie aansoek oorgedra is of mag word of aan enige persone / entiteite wat regtens en / of kragtens die bepalings van enige ooreenkoms wat tussen die aansoeker en SSK gesluit is of mag word voortspruitend uit die inligting wat ingevolge hierdie aansoek verskaf is, daarop aanspraak mag maak.

SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

Verder verbind die aansoeker / aansoeker se behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger om te hou aan die statute van SSK en aan enige verdere statute of wysigings van statute wat wettiglik van tyd tot tyd gemaak mag word.

GEDATEER TE _____OP HIERDIE_____DAG VAN_____20____ .

_____

Handtekening van aansoeker / behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger van aansoeker

1._____
(Getuie)

_____
(Getuie se volle naam en van)

2._____
(Getuie)

_____
(Getuie se volle naam en van)

VIR KANTOOR GEBRUIK

Aangeneem op 'n vergadering van die Raad van Direkteure gehou op _____

en onderteken deur SSK se Hoof Uitvoerende Beampte _____

SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

GESAMENTLIKE EN AFSONDERLIKE AANSPREEKLIKHEID

Ek / Ons, die ondergetekendes:

.....en.....

.....en.....

wat in Vennootskap / Beslote Korporasie / Maatskappy / Trust sake doen onder die naam van:

.....

erken en bevestig dat ek / ons gesamentlik en afsonderlik en in solidum in my / ons persoonlike en afsonderlike hoedanighede en sowel as in die Vennootskap / Beslote Korporasie / Maatskappy / Trust verantwoordelik is vir alle skulde of ander verpligtinge van watter aard ookal, huidig sowel as toekomstig en hoe dit ookal mag ontstaan, wat nou of in die toekoms deur die Vennootskap / Beslote Korporasie / Maatskappy / Trust aan SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE (hierna later genoem "SSK") verskuldig of betaalbaar mag wees.

En ek / ons erken verder en stem toe dat SSK die bedrag van enige sodanige verpligting van een of meer van ons in my / ons persoonlike hoedanighede mag verhaal, beslag op my / ons privaat bates mag lê sonder die noodsaaklikheid van enige voorafgaande aksie teen die onderneming of beslaglegging op enige van die bates van die onderneming.

En ten slotte erken ek / ons dat ingeval die boedel van die Vennootskap / Belote Korporasie / Maatskappy / Trust en die boedel of boedels van enigeen of meer van ons gelyktydig onder sekwestrasie is, SSK 'n eis vir die bedrag van enige sodanige verpligting teen die gesekwestreerde boedels van almal of enigeen van my / ons, asook teen die boedel van die Vennootskap / Beslote Korporasie / Maatskappy / Trust mag instel en bewys.

Ingeval die samestelling van my / ons onderneming gewysig of verander word, sal behoorlike skriftelike kennisgewing hiervan aan u gegee word en sodanige kennisgewing sal op die Vennootskap / Beslote Korporasie / Maatskappy / Trust bindend wees indien dit in die naam van die onderneming deur enigeen van ons ondergetekendes hiervan gegee is.

GETEKEN:

1.....
(Handtekening)

.....
(Volle naam en van)

2.....
(Handtekening)

.....
(Volle naam en van)

3.....
(Handtekening)

.....
(Volle naam en van)

4.....
(Handtekening)

.....
(Volle naam en van)

GETUIES: *(Maak asseblief seker dat getuies teken)*

1.....
(Handtekening)

.....
(Volle naam en van)

2.....
(Handtekening)

.....
(Volle naam en van)

3.....
(Handtekening)

.....
(Volle naam en van)

4.....
(Handtekening)

.....
(Volle naam en van)

DATUM:.....

Pro Forma Resolusie

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN _____(VENNOOTSKAP / BESLOTE KORPORASIE / MAATSKAPPY / TRUST) MET _____ (ID NOMMER / REGISTRASIE NOMMER / TRUST MAGTIGINGSNOMMER) GEHOU TE _____(PLEK) OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20 ____ .

BESLUIT DAT:_____**Vennootskap / BK / Maatskappy / Trust** (hierna verwys as "die aansoeker")

1. Aansoek doen om lidmaatskap in Sentraal-Suid Koöperasie Bpk. (hierna verwys as "SSK").
2. Aansoek sal doen vir 'n kredietfasiliteit by SSK substansieël in die vorm en op die normale terme en voorwaardes van toepassing.
3. Sal voldoen aan alle voorwaardes wat SSK mag stel ten aansien van die verskaffing en sekuriteit vir 'n kredietfasiliteit, welke sal insluit deur sy vorderingsregte en / of sy / die vennote / die lede / die direkteure / die trustees se aandele / ledebelang in SSK en / of sy / die vennote / die lede / die direkteure / die trustees se polisse aan SSK te sedeer en / of om verbande (insluitend notarieël) en / of borgskappe en / of ander sekuriteite te verskaf / of te verskaf en / of te verskaf en / of te registreer en / of te laat registreer, substansieël in die vorm en op die normale terme en voorwaardes van toepassing by SSK, asook om aanspreeklikheid te aanvaar vir die betaling van die premies voortspruitend uit die deelname van enige of al die vennote / lede / direkteure / trustees aan die SSK Kredietversekering skema.
4. _____ in sy hoedanigheid as vennoot / lid / direkteur / trustee / verteenwoordiger hiermee gemagtig word om sodanige dokumente te onderteken en in die algemeen alle handelinge te verrig ten einde uitvoering te gee aan die voorgaande, welke magtiging sal insluit die bevoegtheid om 'n kredietaansoekvorm, - ooreenkoms(te) en alle aangewese sekuriteitsaktes te onderteken.

Gesertifiseer as 'n ware uittreksel uit die notule van 'n vergadering van die Vennote / Lede / Direkteure / Trustees van die aansoeker, gehou op hierdie _____ dag van _____ 20_____ en geteken te _____,

waarin die volgende persone / entiteite die enigste vennote / lede / direteure / trustees is:

1._____
(Handtekening)

_____
(Volle naam en van)

2._____
(Handtekening)

_____
(Volle naam en van)

3._____
(Handtekening)

_____
(Volle naam en van)

4._____
(Handtekening)

_____
(Volle naam en van)

VOLTOOIDE BESONDERHEDE VAN DIE AANSOEKER WORD WEERSPIEËL DEUR AL DIE VENNOTE / LEDE / DIREKTEURE / TRUSTEES VAN DIE ENTITEIT SOOS OP BOGENOEMDE DATUM EN MET DIE HANDTEKENINGE AANGEDUI.